



# Nuusbrief
# DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

GROEI en DIEN

11 MAART 2022

INHOUD

SPORTNUUS
VAKANSIE TYD
BESONDERHEDE
NETBALNUUS
REËLS

## WINTERSPORT 2022:



Die afgelope naweek is kragte gemeet teen die Hoërskool Hans Strijdom. Dit was die eerste wedstryde vir 2022. Die rugby, netbal en hokkie het op Saterdag, 5 Maart, vroeg met die bus vertrek en beslis hulle staal gewys! As hulle die seisoen so begin, kan ons uitsoen na 'n skitterende winterseisoen: Die uitslae is soos volg:i

| NETBAL: | HOKKIE: | RUGBY: |
|---|---|---|
| o/15 wen 18 -12 | Dolfyne (Eerstes) gelykop 2-2 | Tiere (Eerstes) wen 16 -14 |
| o/16 wen 20 -16 | | o/14A gelykop 10-10 |
| Dragonflies (Eerstes) wen 41- 4 | | |





:

# ATLETIEK: TSWHANE NOORD D3:

Die afgelope naweek was die Wintersport-Wonnies nie die enigste leerders wat ons skool se naam hoog gehou het nie. Drie van ons atlete het verlede naweek aan die Gauteng Kampioenskappe in Germiston deelgeneem . Baie geluk aan elkeen van julle en baie dankie dat jy deursettingsvermoë getoon het, nie net vir jouself nie maar ook vir jou skool!



Die volgende leerders het deelgeneem:

Tyron Janse van Noordwyk—Spiesgooi

Alicia Broodryk—400*m*

Anuscha Clark—Spiesgooi






Anuscha Clark ‘n graad 8-leerder het, só goed presteer in haar item, spiesgooi, dat sy gekwalifiseer het vir die SA skole kampioenskappe. Sy sal gedurende die vakansie deelneem. Baie sterkte Anuscha!

## VAKANSIE TYD:

Kwartaal 1 van die skooljaar staan op sy einde, en ons sien uit na 'n heerlike blaaskans.  Neem dus kennis dat die skool Donderdag, 17 Maart 2022, om 11:00 sluit. Die skool heropen weer vir kwartaal 2 op Dinsdag, die 5de April 2022.




## KONTAKBESONDERHEDE:

| | |
|---|---|
| Afwesighede: | admin@wonnies.co.za |
| Uitteken gedurende skoolure: | ontvangs@wonnies.co.za |
| Finansies (skoolfondsnavrae en bewys van betaling): | finansies@wonnies.co.za |
| Finansies (agterstallige skoolfonds en subsidies): - | invorderaar@wonnies.co.za |
| Sport: | carl@wonnies.co.za |
| Kulture: | minnaar.j@wonnies.co.za |
| Bemarking: | bemarking@wonnies.co.za |
| Algemene navrae: | hswb@wonnies.co.za |
| Akademiese navrae: | mcgeert@wonnies.co.za |
| Vakverandering: | registrateurs@wonnies.co.za |
| Graad 8: Mnr. B Deysel of Graad 8: Me. N Strydom | barend.deysel@wonnies.co.za ofregistrateurs@wonnies.co.za |
| Graad 9: Me. S Venter | engels@wonnies.co.za |
| Graad 10: Me. M Bouwer | wiskunde@wonnies.co.za |
| Graad 11: Me. R Engelbrecht | rene.e@wonnies.co.za |
| Graad 12: Mnr. J Janse van Rensburg | janjvr@wonnies.co.za |

# NETBAL:

Baie geluk aan die volgende netbaldogters wat die distrikspan gehaal het:

| | |
|---|---|
| O/14 | Son-Mari van Rooyen |
| | Elandri Hornby |
| | Kaylie Groenewald |
| O/16 | Masego Seleka |
| | Kaylie van Wyngaard |
| | Carike Jansen |
| O/18 | Marjuné Fouché |




Hierdie ses dogters gaan ook deelneem aan die Tswhane proewe. Baie sterkte!



# AFWESIGHEDE:

AFWESIGHEID IN REGISTERKLAS:

Graag wil ons weer aan u kommunikeer rakende die bywoning van die registerklas. Volgens die nasionale wetgewing “Beleid oor Leerder-aanwesigheid” E(12) word genoem: “*’n Leerder word as afwesig van die skool geag wanneer die leerder nie in die klas is wanneer die register voltooi word nie.”* Leerders wat dus afwesig is **tydens die neem van die register** in registerklas word as afwesig gesien. Ouers moet asseblief hul kinders hierop wys. Elke leerder moet direk as die klok lui, aanmeld by die registerklas. Die register word dan voltooi en word ook ingestuur na die Departement van Onderwys. Leerders kan nie eers gaan rondloop of iets anders doen voor hul registerklas toe gaan nie – hul word dan as afwesig gesien.

LAATKOM BY DIE SKOOL:

Enige leerder wat laat is vir skool, moet deur ‘n ouer ingeteken word. Aangesien leerders (soos genoem by “Afwesig in registerklas”) as afwesig gemerk word, is dit die ouer se verantwoordelikheid om sodanige leerder, by die data-kantoor in te teken. Ouers moet dus asseblief nie ry en u kind net by die hoofhek aflaai nie. Leerders gaan daar, in die veilige teenwoordigheid van die sekuriteitswag vir u moet wag, totdat u die leerder by die kantoor kan kom inteken. Hierna kan die leerder se inskrywing vir afwesigheid na ‘n inskrywing vir laat vir skool verander word. Ouers wie se leerders van bussie-vervoer ens. gebruik maak, moet asseblief kennis neem dat u steeds die verantwoordelike persoon bly om die leerder te kom inteken, indien die bussie laat sou wees.

Vriendelike groete

Mnr. M Iezar

Skoolhoof

